

Waterkruik



JAARGANG 59

NO 2

16 Januarie 2022

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk. -

Video YouTube – <https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g>

Facebook - <https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/>

Audio Kerkdienstgemist – <https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---Pretoria>
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=19

DIENSBEURTE

16 Januarie

Oggend: Wyke 23 & 25

Oudle.: Herman Hamersma
Sarel du Plessis

Diakens: Susan van der Poel
Richart Keyser
Janru Reynders

Aand: Wyke 24 & 26

Oudle.: Neels Kloppers
Gert Wibbelink

Diakens: Ewald Landsberg
Albert Chambers

KOLLEKTES

Diakonale kas: ABSA: Diakonie,
Spaar Rek. No. 9139785681

KERKKAS

GKSA Sustentasiefonds

Doel: Om kerke wat nie finansieël onafhanklik kan bestaan nie by te staan sodat die Woordverkondiging steeds daar kan voortgaan en om nuwe voorposgemeentes te stig waar die Woordverkondiging dringend noodsaaklik is.

ORRELIS

Hartlik welkom aan sr. Juliana van der Walt wat ons vanoggend op die orrel begelei.

KATKISASIE OPEN

Die Sondagkatekisasie open vanoggend direk na die erediens.

Die weekkatekisasie vir hoërskoolleerders open eers op Maandag 24 Januarie. Die ouers van die hoërskoolleerders word versoek om direk na die erediens in die konsistorie bymekaar te kom om die tye vir die weekkatekisasie te bespreek.

Program vir die week

Maandag:

18:00 Klassisvergadering

Donderdag:

09:30 Bybelstudie in die saal.

BYBELSTUDIE

Die Maandag Bybelstudie open Maandag 24 Januarie. Die tye sal in die volgende Waterkruik geplaas word.

Die Donderdag Bybelstudie open 20 Januarie 2022 om 09:30 in die saal.

KLASSIS OOSTELIKE PRETORIA

Die Klassis Oostelike Pretoria vergader Maandag 17 Januarie 2022 by GK Wapadrant.

Ons bid dat die Here hierdie vergadering sal seën.

TEEKINKBEURTE

Vanoggend kan ons weer lekker saam tee en koffie drink. Baie dankie aan wyk 8 wat vanoggend olv Hannie Kohlmeyer daarvoor sorg.

Volgende week is dit die beurt van wyke 9 & 10 olv Kittie Broos en Anika le Roux om tee en koffie en te bedien.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Mag die Here, die Bron van vrede, self altyd en op elke manier vir julle vrede gee." 2 Tesselonisense 3:16

Maandag 17 Januarie

Sr. Eljé Oosthuizen 076 630 7006

Sr. Mari van Wyk 074 410 9107

Dinsdag 18 Januarie

Sr. Marcelle Trollip 084 608 2624

Vrydag 21 Januarie

Br. Toy Kruger 082 454 7054

Sr. Wilmien van Rooy 082 7854896

Saterdag 22 Januarie

Carli Erasmus (4) 076 504 1317

MEELEWING

Br. Fanie en sr. Johanna Nel se skoondogter, Karin, is baie ernstig siek. Ons bid julle en julle gesin krag en sterkte toe. 083 555 7785



"Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Deur dit te doen het Hy ons die kosbaarste en allerhoogste gawe geskenk wat Hy belowe het". 2 Petrus 1: 3a, 4a

BEVESTIGING

Br. Jaco Lindeboom word vanaand tydens die aandrediens as ouderling bevestig.

Hartlik geluk. Ons bid dat die Here die werk wat jy vir sy Koninkryk gaan doen, ryklik sal seën.

ATTESTATE

Br. Renier en sr. Kobie van der Merwe en hulle kinders Monique en Celliers vertrek met attes na Centurion. Ons wens julle alles van die beste toe in julle nuwe gemeente.

Sr. Elzáán de Beer vertrek met attes na Thabazimbi en sr. Marli de Beer vertrek met attes na Naboomspruit. Ons vertrou dat julle baie gelukkig sal wees in julle nuwe gemeentes en dat dit goed sal gaan met julle.

Sr. Maryke Hamman is al 'n tydjie in ons gemeente en ons het haar attestaat van Oos-Moot gemeente ontvang. Hartlik welkom Maryke. Ons weet jy is sommer al klaar tuis hier by ons. 082 375 5742

Ons heet graag *br. Justin en sr. Ronelle Berry en hulle seun Robé* hartlik welkom in ons midde. Hulle het van Rietvallei by ons aangesluit. Ons vertrou dat julle sommer gou tuis sal voel in die Waterkloofrand-gemeente. 083 630 9989

JONG LOTE



Die Jong Lote is die voorskool- en laerskooljeug jeug van ons gemeente. Ons hoop om verskillende aksies en initiatiewe saam met die jong lote te loots.

Kom kuier volgende Sondag 23 Januarie na die erediens saam en "bou 'n burger".

Bring slegs jou eie eetgerei en drinkgoed.

RSVP asb by Somien Smit:

076 439 6252 teen Woensdag (19 Jan).

GJV- PRETORIA - AFSKOPKAMP

Die Pretoria Gereformeerde Jeugvereniging kamp die naweek van 27 – 31 Januarie. Sien meer besonderhede op ingeslote pamflet.


ALMANAKKE

Die Kerk Almanakke 2022 is in die konsistorie beskikbaar. U word vriendelik versoek om een Almanak per gesin te neem. Dit is gratis beskikbaar maar dit kos die kerk R100 per eksemplaar. 'n Donasie sal waardeer word om die koste te help dek.

SEËNGROET

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees.

Hoor jy werklik nog dié woorde? Verstaan jy wat dit vir jou beteken? Dink weer gelowig oor hierdie wonderlike seën se betekenis. As jy eers beseft wat in die seëngroet aan jou beloof word, sal jy dit nooit weer wil misloop nie. Jy sal ook nie sommer in die middel van die diens huis toe gaan voordat jy nie die seën ontvang het nie. As jy eendag kinders het sal jy ook beseft dat hulle die seën van God ontvang al het hulle nie die preek verstaan nie.



Wie seën jou?

Paulus eindig nie sy skrywes met 'n gewone vriendelike groete af nie. Aan die einde van sy brief aan die gemeente van Korinte sê hy die kerk die seën van die Drie-enige God toe. Maar, dis nie eintlik Paulus wat dit sê nie, dit is die Here. Hy is die eintlike Skrywer van hierdie brief. Die Heilige Gees is die groot Bybelskrywer. Daarom is dit God self wat sy kerk van alle eeue seën. Net so, wanneer die predikant hierdie woorde aan die einde van die diens oor die gemeente uitspreek, is dit die Here self wat hulle seën. Dis nie 'n dominee, of 'n mens wat dit doen nie. God praat met jou deur die verkondiger van sy Woord. Die Koning van die kerk seën jou, en dis van onskatbare waarde.

Wat belowe die seën ons?

In die slotseën word ons nie iéts beloof nie, maar Iemand: God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees. Hy is die inhoud en die weelde van die seën waarvan jy elke keer hoor.

"Die genade van ons Here Jesus Christus ..."

Genade is onverdiende guns en goedheid, vergewing van sondes en kwytskelding van straf. In hierdie een woord is alles wat Christus vir ons gedoen het, saamgevat. Genade moet jou laat dink aan sy lyding en sterwe om jou skuld te betaal, sy oorwinning oor die mag van die sonde en sy triomf oor die dood. Hy het alles gedoen sonder dat enigeen dit verdien. Dít is genade. Jy het geen reg daarop nie. Jy het alle reg en aanspraak deur jou sondes verbeur.

Besef jy die waarde van wat jy elke Sondag ontvang? God se hand word met die uitspreek van die seën na jou toe uitgesteek. Die ganse rykdom van die redding en verlossing van ons Middelaar word oor jou uitgespreek. Wie wil dan nog wegbly uit die kerk?

Die genade van Christus word voorop in die lys van seëninge geplaas. Alleen danksy Jesus Christus kan jy die liefde van die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees ontvang.

"en die liefde van God"

Daar is niks waarna 'n mens meer verlang as liefde nie. Almal wil iemand hê wat omgee. Elke Sondag beloof God self sy liefde. Dit is nog meer besonders as jy besef dat God se liefde daad is. Hy sê vir jou dat Hy jou wil koester en beskerm. Hy wil jou na liggaam en siel versorg.

'n Kind van God kan nooit genoeg daarvan kry om weer en weer te hoor dat jou hemelse Vader vir jou lief is nie. In 'n wêreld vol haat, pyn en eensaamheid, is daar Iemand wat werklik omgee en jou werklik liefhet: jou hemelse Vader. Hy belowe dit elke Sondag aan jou.

"en die gemeenskap van die Heilige Gees"

Die gemeenskap van die Heilige Gees is ook 'n vrug van die genade van Christus. Hy het die Heilige Gees verwerf en op Pinksterdag op sy kerk uitgestort. Die Heilige Gees is die een wat aan jou die geloof skenk. Deur die band van die geloof verbind Hy jou aan God en Christus.

Hy neem jou na Christus en maak jou oë oop vir die liefde van God en die gawe van sy Seun. Hy verlig jou verstand om die Skrifte, wat van Christus getuig, te verstaan. In die slotseën word jy beloof dat jy van die Heilige Gees deel sal kry.

Wie word geseën?

In die laaste deel van die seëngroet hoor ons wie aangespreek word: ***"sal by julle almal wees."*** Die seën is vir almal bedoel. Dit was vir die hele gemeente van Korinte, maar dis ook vir alle gemeentes deur alle eeue heen. Met die slotseën steek die Here sy hand uit en reik jou sy rykste seën toe. Niemand hoef uitgesluit te voel nie, want dit is vir almal. Die Here bedoel dit opreg: Hy wil dit aan jou gee. Hy wil hê dat jy dié skat in ontvangs sal neem. Jy hoef nie daaraan te twyfel nie.

Neem dit in ontvangs

Daar is een belangrike punt om te onthou: Die seën is nie 'n towerformule nie. Jy mag nie dink dat dit sommer outomaties werk, sonder dat jy waaragtig glo en jou bekeer nie. God se beloftes eis van jou opregte geloof. Jy moet gelowig na die seën luister en dit aanvaar. God bedoel werklik dat

die seën vir almal is. Maar, jy moet dit ook in ontvangs neem. Soos met enige geskenk kry jy dit eers as jy dit vat. Jy moet God se seën met die hand van die geloof vir jouself toeëien. Anders gaan jy ewe arm uit die kerk as wat jy daar ingegaan het.

ds. Attie Bogaards uit: Kruispad

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT

Ds. Gerben Meijer
062 279 4469
MONUMENTPARK

SKRIBA

Wico Swanepoel
084 588 5654

KANTOOR

Nienke van der Walt 083 398 9080

ATTESSKRIBA

Tinus Erasmus
012 807 5213
082 410 2252

OUDL SKRIBA

Corrie Skinner
082 494 0309

KANTOORURE

Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

VOORSITTER DIAK

Arie Hoogenboezem
082 785 0804

ORRELIS

Ansie Wichmann
072 605 8675

BANKBESONDERHEDE

Kerk

ABSA: Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

SONDAGKOSTER

Hein Wichmann 082 873 3569

Diakens

ABSA: Diakonie Spaar Rek. No. 9139785681

WEEKKOSTER

Nienke van der Walt 083 398 9080

e-pos kerk: nwgkw@telkomsa.net

webwerf: www.gkwaterkloofrand.org.za

Daar is skakels wat u neem na oudio- en videouitsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is

